LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 24/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Wie glo jy?

Die verhaal word vertel van die weerman wat agter Alexander die Grote se perd aangehardloop het en dit gevang het. Toe hy die perd aan die generaal teruggee, het Alexander hom bedank met die woorde: "Dankie, kaptein." Dit was genoeg om die weerman te bevorder. Hy het 'n nuwe univorm gaan haal en dit aangetrek. Hy het vir hom slaapplek tussen die offisiere gaan uitsoek, by die offisiersmenasie ingestap en heerlik geëet. Omdat die generaal dit gesê het, het hy dit geglo. Ons ken die gesegde, "Arende vang nie vlieë nie." Tog is ons dikwels geneig om te luister na die opinie van mense wat nie in ons lewe saak maak of insae het nie. Ek dink God spog ook soms met ons, ons lees in Job 1:8: "Die Here vra toe vir die Satan: "En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad." Ek laat u met twee vrae vandag. Eerstens, indien die Satan vandag verby God sou beweeg, wat sou God van jou gesê het? Tweedens, wanneer mense oor jou praat, wie glo jy, die arend of die vlieg? Die Skepper, Kaptein van die heelal of die vader van die leuen?

## Goegieland

Baie dankie dat julle saam met ons die kwartaal so vrolik afgeskop het met Deurmekaardag – ons eerste pretdag! Die maatjies het heerlik gekuier in hul onderste-bo en agterstevoor klere. Sommiges het selfs in hul slaapklere opgedaag – wat 'n fees van lag en pret! Koue weer = warm maatjies. Ons herinner graag weer dat die kinders asseblief tot aan die einde van die winter warm klere moet aan hê. 'n Dun langmou-hempie onder hul klere is 'n goeie opsie om hulle teen die koue oggende te beskerm. Dankie vir julle hulp hiermee.

**22 Augusts 2025 - Oom Karoolus en Lente Poppekas-uitstappie**

Ons beplan 'n spesiale uitstappie na Oom Karoolus en Lente se poppekas by die NG Gemeente Goedehoop op 22 Augustus2025. Die Google Form se skakel vir die inskrywings en betalings sal binnekort op die klasgroepe gedeel word. Hou asseblief die groep dop!

Baie dankie vir julle ondersteuning – saam maak ons elke dag vol vreugde en leer!

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 4 Augustus 2025

- **Conquesta - Wiskunde**
- **Krieket vs LS Kruinpark o/9 (Weg)**
- **Krieket o/13 Aandliga Uitspele**
- **Tennisliga te LS Trichardt**

### 5 Augustus 2025

- **Conquesta - Engels**

### 6 Augustus 2025

- **Conquesta - Afrikaans**
- **Hoëveldgroep Koorfees Juniors**
- **Redenaars ATKV Finaal**
- **Skaak te LS HM Swart**
- **Tennis Rising Star**

### 8 Augustus 2025

- **Skaak Uitspele Govan Mbeki Rookies te LS Oranjegloed / Knight's Gambit te Curro**

### 9 Augustus 2025

- **Bergfiets TWK te Lydenburg**
- **Mini-Hokkie o/7 tot o/9 te LS Kruinpark**

## Akademie

Soos u reeds bewus is, skryf ons nie 'n eksamen aan die einde van die kwartaal nie, ons volg 'n toetsreeks gedurende die kwartaal. Verskeie take en ander opdragte word in die klas gedoen as assessering. Dit is die kinders se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle alles het wat nodig is om die taak of opdrag te voltooi. Werk wat bepunt word vir formele assessering moet in die klas gedoen word. Kinders moet elkeen verantwoordelikheid neem vir hulle werk en nie op 'n ander kind se rug ry nie. Ons het die verantwoordelikheid om saam te werk, maar elkeen moet ook hul individuele verantwoordelikheid in die groep neem.

## Goedes July

Dames en Here, dis Augustus. Dis SULKE TYD! GOEDES JULY is om die draai. Kry die 'outfits' reg, stof die skoene af, polleer die juwele! En cha cha cha die slapies af. Onthou ook van die fondsinsameling van "Back Your Jockey". Net soos mamma en pappa 'n aand af kan kry, gaan die wengraad af kry as hulle die meeste fondse ingesamel het. Samba jou daar!

## Dankbaarheid

Dankbaar dat ons kan bid en dat Jesus ons harte ken.



# Expo

Baie geluk aan ons leerders met hul goue medaljes wat op Saterdag, 26 Julie 2025 tydens die Gert Sibande Streeks-Expo verwerf is. Ons is baie trots op elkeen van julle. Dankie vir elkeen se harde werk. Navorsing is gedoen, aantekeninge is in joernale bygehou, grafieke geteken, ongeveer 300 bladsye se navorsing wat verwerk is na 10 bladsye toe. 'n Plakkaat is gemaak en 'n model is gebou. Daar was 41 skole wat deelgeneem het - dit sluit laerskole en hoërskole in. Dit is voorwaar 'n puik prestasie!



Die projekte van die leerders:

- Milan Zwarts – Early Detection of Epileptic
- Michael van Niekerk – Our Waste, Our Future: Are We Doing Enough?
- Theo Kruger – Our Waste, Our Future: Are We Doing Enough?
- Leané Luddick – Hydrogen Energy
- Minette Bezuidenhout – Hydrogen Energy
- Philip Cloete – Outdoor Smart Home: Electrical, Electronics and Embedded Systems

# Bergfiets

“The pain you feel today, will be the strength you feel tomorrow”. Saterdag, 26 Julie 2025 was daar weer ‘n bergfietswedren by Lake Umuzi. Laerskool Goedehoop het weereens nie teruggestaan nie, en 43 ryers het hul staalperde opgesaal. Vir sommige was dit ‘n eerste wedren, vir ander was dit “tough”, maar al die fietse met hul soldate, het die eindstreep gehaal. Hieroor is ons skool verskriklik trots! Baie geluk aan die leerders wat onder die eerste 10 ryers ingekom het. Uitslae van WEDREN 2 – 26 Julie 2025:




**Sub - Nipper Girls (o/6 - o/8)**
Gabriella Matthee - 6de
Améja Dalgleish - 7de

**Sub -Nipper Boys (o/6 - o/8)**
Francois du Plessis - 10de

**Nipper Girls (o/9-o/10)**
Wiané van den Berg - 8ste

**Nipper Boys (o/9 - o/10)**
Erik du Plessis - 6de
Stephan Mouton - 10de

**Sprog Girls (o/11 - o/12)**
Lumé Storm - 4de

**Sprog Boys (o/11 - o/12)**
Stephan Koekemoer - 10de

**Sub Junior Girls (o/13)**
Monique Phillips - 6de




| 4 Aug | 5 Aug | 6 Aug | 7 Aug | 8 Aug | 9 Aug | 10 Aug |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jayden Button | Chloé Saunders<br>Minke Soule<br>Amé vd Westhuizen | Zack Coetzer<br>Wihan Meintjes | Chloé Joubert<br>Justin Terblanche | Janco Fourie | Lumé Schizzarotto<br>Olivia Venter | Jayden v Zyl |

# Rugby

Baie geluk aan die volgende seuns wat gekies is vir die onderskeie Mpumalanga 7's Rugbyspanne.
o/12A
Daantjie Lesch
CJ Meyer
Jayden Ferreira
o/12B
Waldt van Niekerk
Zian Mocke




# Skaak

Op Vrydag, 25 Julie 2025 het die Hoëveldgroep skaak plaasgevind. Baie geluk aan die dogterspan wat 'n 2de plek behaal en die o/9-span met hul 3de plek. Calita Cornelissen en Simon Mostert was bordwenners en wen al 5 hul rondtes. Die o/13-span eindig 4de, o/11-span 7de en die Opespan eindig 6de.

**Dogterspan**
Hailey Herbst
Sue-Ann J v Rensburg
Manny Neto
Melandie Faber
Lewanné Jonker
Calita Cornelissen

**o/9-span**
Simon Mostert
Janco Cronje
Hugo Ellis
Kayno Cloete
Victor vd Walt
Handré Carstens




VRIENDSKAPLIKTE LS KALIE DE HAAS
Ons is baie trots op ons skaakspanne met hul puik prestasies tydens die vriendskaplike byeenkoms by LS Kallie de Haas. Julle maak al die regte skuiwe - baie geluk! Uitslae is as volg:
o/9-span - 1ste
o/11-span - 2de (speel met 1 minder speler)
o/13 Span - 6de (speel met 1 minder speler)

# Krieketliga

Die uitslae vir die week se krieketliga-wedstryde is as volg:
o/9 vs Laerskool Secunda - verloor met 10 paaltjies.

o/10 vs Laerskool JJ vd Merwe - wen met 6 paaltjies.

o/11 vs Laerskool JJ vd Merwe - wen met 206 lopies.
HW Meyer behaal101 lopies nie uit nie.
Hanno Luwes behaal 61 lopies en 5 paaltjies vir 18 lopies.
AJ vd Merwe neem 5 paaltjies vir 11 lopies.

o/12 vs Laerskool JJ vd Merwe - wen met 51 lopies.
Jayden v Aswegen behaal 69 lopies.
Daantjie Lesch behaal 63 lopies nie uit nie.

o/13 vs Laerskool JJ vd Merwe - verloor met 44 lopies.



# Landloop

Baie geluk aan ons langasems met hul puik prestasies tydens die Hoëveldgroep Landloopbyeenkoms. Ons is baie trots op julle! Baie geluk aan Izanie Ferguson wat as beste senior dogter aangewys is.

| | | |
|---|---|---|
| Seunspan | - | algeheel 1ste |
| Dogterspan | - | algeheel 1ste |
| LS Goedehoop | - | algeheel 1ste |

Individuele uitslae:

**o/8-Dogters**
Jana Steyn - 2de
Mianique v Zyl - 4de
Ameja Dagleish - 10de

**o/8-Seuns**
Rori Mokheseng - 2de
Harmand Marais - 4de
Pienaar J v Rensburg - 10de

**o/9-Seuns**
Andrich Combrinck - 3de
Ruben Combrinck - 7de
Wessel Vermaas - 10de

**o/9-Dogters**
Marelie Koch - 2de
Mia-né Smit - 3de
Leandri J v Rensburg - 4de
Zanri Lotze - 6de
Mioné Mostert - 8ste
Mila du Plessis - 10de

**o/10-Seuns**
Marno Campher - 1ste
Reinhardt Reyneke - 7de

**o/10-Dogters**
Charlize Labuschagne - 1ste
Simoné van Staden - 6de
Mia Justus - 8ste

**o/11-Seuns**
Lucan Lessing - 1ste
Stephan Koekemoer - 2de

**o/11-Dogters**
Emma du Plessis - 1ste
Hayley Louw - 8ste
Linay Hartzer - 9de

**o/12-Seuns**
CJ Meyer - 4de
Nathan van Niekerk - 9de

**o/12-Dogters**
Chloe Kleb - 2de
Mia van Eeden - 3de
Hailey Herbst - 4de

**o/13-Dogters**
Izanie Ferguson - 1ste
Milan Zwarts - 2de
Kaley Knoetze - 5de

**o/13-Seuns**
Willie-Uys J v Rensburg - 1ste
Louis du Plessis - 2de











# Tennisliga

Op Maandag, 28 Julie 2025 het ons tennispanne kragte gemeet teen Laerskool HM Swart. Die seuns wen en die dogters speel gelykop.

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**